

markplek belegging

Deur Andrew Duvenage

EKONOMIE

Die vooruitsigte vir 2022

Die volhoubaarheid van ekonomiese herstel bly bedenklik, maar nie onmoontlik nie, skryf Andrew Duvenage.



Vanjaar het verskeie gelukkige en broodnodige hupstote aan die plaaslike ekonomiese gebied, waaronder 'n oplewing in internasionale sowel as plaaslike groei, namate ekonomiese wêreldwyd oopgestel en opgehoopte vraag vrygestel is ná die verlansamings wat deur Covid-19 veroorsaak is.

Beduidende aansporingspakette en infrastruktuurprogramme wêreldwyd het hulpbronpryse laat styg, wat vir plaaslike kommoditeitsprodusente goeie nuus was. Suid-Afrika het danksy hoër kommoditeitspryse rekordhandelsoorskotte behaal en onverwagte belastinginkomste gegenereer.

Saam met uiters toegeeflike monetêre beleid, veral in Amerika, wat deur die ontwikkelde wêreld gevolg word, is die rand ook deur dié hupstote bevoordeel en het dit van verlede jaar se Covid-19-laagtepunt herstel.

Beter as verwagte belastinginvordering – al is dit nog minder as voor die pandemie – het 'n positiewe sentiment verder aangevuur, al is die plaaslike ekonomie nou kleiner as wat dit voor die pandemie was.

Beduidende uitdagings duur ondanks die wêreld ekonomie se ietwat euforiese ontkluiting uit die pandemiewolke voort.

Wêreldwyd plaas aanvoerkettingbeperkings druk op die beskikbaarheid van markklaar artikels en komponente. 'n Tekort aan items soos halfgeleierskryfies het 'n uitwerking op vervaardigingproduksie en vertraag die pas van ekonomiese herstel.

Verskepingopeenhopings, waaronder 'n tekort aan houervaartuie en oorlaaide hawens, het veroorsaak dat die prys van vragvervoer saam met die prys van goeie aansienlik gestyg het.

Arbeidaanbodkwessies, wat in Amerika deur inentingweifeling gekenmerk word waar mense werkgewers eerder verlaat as om verpligte inentings te kry, en in Brittanje deur 'n tekort aan vragmotorbestuurders weens Brexit, knel ook ekonomiese groei. Saam sal dié kwessies uiteindelik tot inflasiestygings lei.

In Amerika was vrygewige aansporingbetalings wat gebied word om die negatiewe uitwerking van die pandemie teë te werk,

agterna beskou dalk te aggressief en het dit hoër lone en inflasie tot gevolg gehad. Daarby hou die vooruitsig van groot begrotingvoorstelle die moontlikheid in om inflasie voortaan beduidend te beïnvloed.

Die groot debat is nou of dié inflasie struktureel of kortstondig is. Dit sal interessant wees om te sien of sentrale banke wêreldwyd kalm bly en rentekoerse laag hou of sensuagtig raak en erken dat inflasie werklik en blywend is, in welke geval hulle waarskynlik vinniger as verwag met rentekoersverhogings sal begin reageer.

'n Vroeë waarskuwingstekens sal die onttrekking van nierentekoersondersteuning wees. Dit gebeur reeds in sommige lande. Kanada het byvoorbeeld sy effekteaankope vroeër as verwag beëindig; Australië het reeds sy effektekoerskontrole onttrek; terwyl die Amerikaanse Federale Reserweraad (Fed) aangekondig het dat hy effekteaankope van vandeemaand af met \$15 miljard per maand sal verminder. Die Europese sentrale bank sinspeel reeds op iets soortgelyks.

Uit 'n SA oogpunt is stagflasie – 'n situasie waar inflasie teenwoordig, maar ekonomiese groei beperk is – 'n wesenlike risiko.

Terwyl SA 'n gesonde oplewing ná die inperkings ondervind het, is die volhoubaarheid van die oplewing bedenklik, veral namate kommoditeitspryse afkoel en internasionale ekonomiese groei verlangsaam. SA se mees onlangse handelsoorskot was omtrent die helfte van wat vroeër vanjaar aangeteken is, wat daarop dui dat die oplewing dalk reeds bedaar.

Daar word tans voorspel dat SA terug na minderwaardige groeikoerse sal neig, tensy beduidende en dapper ingrypings ingestel word. Die tendens van 'n lae groeikoers is die land se grootste bedreiging.

Die SA Reserwebank (SARB) skat dat die groei in die bruto binnelandse produk aanstaande jaar tot 1,8% sal verlangsaam en dan in 2023 tot 'n skamele 1,7% (die Internasionale Monetêre Fonds verwag slegs 1,3% in 2023).

Die land se skuldverhoudings is nie volhoubaar nie en ons leningsvlak is te hoog. Die rente op die lenings verteenwoordig 'n beduidende gedeelte van die begroting en laat min oor vir inisiatiewe wat groei genereer.

Daar word tans voorspel dat SA terug na minderwaardige groeikoerse sal neig, tensy beduidende en dapper ingrypings ingestel word. Die tendens van 'n lae groeikoers is die land se grootste bedreiging.

Al duur bespiegeling voort oor strukturele hervormings en ingrypings wat groei genereer, moet dit nog na betekenisvolle uitkomst omskakel wat 'n uitwerking op die land se ekonomiese groeikoers sal hê. Die dubbele probleem van 'n beperkte staatskas en hoë werkloosheidsvlak kan nie sonder 'n drastiese verandering in die groeikoers aandag kry nie.

As inflasie nie afneem nie, sal die SARB geen ander opsie hê as om rentekoerse te verhoog nie. As ekonomiese groei verlangsaam, dreig 'n ander probleem egter.

Inflasioneëre druk sal vererger word as die rand verder verswak. Terwyl rekordhandels-oorskotte die rand bevoordeel het, is die vraag of die oorskot sal krimp as kommoditeitspryse weens verlangsamende internasionale groei afkoel of as invoer toeneem om voorraad aan te vul wat die laaste jare uitgeput is.

Plaaslike rentekoerse sal druk ondervind as Amerikaanse rentekoerse vinniger of met meer as verwag styg.

SA beleef steeds beduidende fiskale probleme. Terwyl die belastinginvordering beter as verwag was – sowat R60 miljard tot R80 miljard meer as verwag – en 'n blaaskans gebied het, is baie van dié meevaller aan herhalende uitgawe-items toegewys, soos die openbare sektor se loonrekening en maatskaplike toelaes, eerder as aan inisiatiewe wat groei aanspoor en 'n vermenigvuldigereffek het.

As die belastingmееvaller afneem, sal die fokus weer sterk op die begroting wees en of die regering onder leiding van 'n nuwe minister van finansies die linie sal kan handhaaf. ■

terugvoer@finweek.co.za

Andrew Duvenage is die besturende direkteur van NFB Private Wealth Management.

